1. OPDRAG

Die Algemene Sinode van 2013 het die Netwerk Erediens en Liturgie in die lewe geroep met die volgende besluit (sien punt 4):

BESLUIT: ALGEMENE SINODE 2013

LIDMAATBEMAGTIGING (vgl Agenda A.11.1 bl 121 pt 6; Notule Dag 2 pt 28)
1. Die Algemene Sinode aanvaar Lidmaatbemagtiging, wat besin oor die gestuurdheid, dissipelskap en toerusting van lidmate, as ’n kontinue werksaamheid.
2. Die Algemene Sinode versoek die Netwerk vir Lidmaatbemagtiging om navorsing te doen en te besin oor gestuurdheid, dissipelskap, toerusting en dienswerk van gelowiges en die studieresultate beskikbaar te stel sodat dit die kerk en haar missionale roeping kan ondersteun.
3. Die Netwerk word uitgebrei met verteenwoordigers van die NG Kerkfamilie.
4. Die Algemene Sinode vestig ’n netwerk vir erediens en liturgie om die Algemene Sinode te adviseer.
5. Die Algemene Sinode vestig ’n netwerk vir gemeentebediening om die Algemene Sinode te adviseer.

Die netwerk is gevorm deur aanvanklik ’n verteenwoordiger uit elke sinodale streek te betrek asook verteenwoordigers van VONKK en FLAM. Jacques Louw is as projekleier aangewys en het as sodanig gedien tot aan die einde van 2014. Hierna is hy opgevolg deur Freddie Schoeman.

Die netwerk sien tans soos volg daar uit:

- Dr Coenie Burger (Wes-Kaapland)
- Ds Danie Mouton (Oos-Kaapland)
- Ds Johan Conradie (Noord-Kaapland)
- Ds Gideon Lamprecht (Vrystaat)
- Ds Tertius Naudé (KwaZulu-Natal)
- Ds Nico van Rensburg (Wes-Transvaal)
- Ds Dieter de Bruin (Noordelike Sinode)
- Dr André Bartlett (Hoëveld)
- Dr Tertius Erasmus (Oostelike Sinode)
- Dr Fourie van den Bergh (Namibië)
- Ds Faani Engelbrecht (FLAM)
- Ds Jacques Louw (VONKK)
- Dr Freddie Schoeman (projekleier)

2. AGTERGROND

Bogemelde besluit spruit voort uit die verslag van die Netwerk vir Lidmaatbemagtiging wat voor die Algemene Sinode van 2013 gedien het.

3. WERKSWYSE

Aangesien dit duidelik uit die verslag en die besluit geblyk het dat die ondersteuning van die “missionale roeping” die motivering van die besluit was, is die *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* wat deur die Algemene Sinode van 2013 aanvaar is, as vertrekpunt geneem. Paragraaf 14 van hierdie dokument, “Nuwe nadenke oor die liturgie van ‘n missionale kerk”, is van belang vir die Netwerk vir Erediens en Liturgie.

Hierdie verslag is ’n voorlopige vorderingsverslag en bedoel om as basis vir gesprek te dien. Dit bevat geen finale standpuntinname nie en is nie bedoel om beleid te bepaal of selfs om riglyne daar te stel nie. Dit is ’n uitnodiging om aan die gesprek deel te neem en verder navorsing te doen wat die NG Kerkfamilie kan dien.

4. DIE ROL VAN DIE EREDIENS IN MISSIONALE GELOOFSVORMING

4.1 INLEIDING

Wanneer ons nadink oor die rol wat die erediens speel in die geloofsvorming van erediensgangers, is dit goed om te begin met die basiese aard en wese van die erediens. Dit word eenvoudig en helder uitgedruk in die *Handleiding vir die Erediens* (p. 3–4) as volg:
Die erediens is die sentrale gebeurtenis in die voortgaande lewe van 'n Christelike gemeente. In die erediens gaan dit immers oor die ontmoeting tussen God en sy gemeente: God nader tot die gemeente en die gemeente nader tot God. In hierdie ontmoeting neem God die inisiatief. Hy roep sy gemeente om uit die normale gang van die lewe terug te tree; Hy bring hulle saam met die oog daarop om hulle geloof op te bou en te versterk; en Hy stuur hulle terug na die gewone gang van die lewe om tot sy eer te lewe. God se inisiatief word beantwoord deur die reaksie van die gemeente: hulle tree bewustelik terug uit die gewone gang van die lewe; in die ontmoetingsgebeure van die erediens word daar by hulle 'n nuwe perspektief op die lewe gevorm; en dan tree hulle weer toe tot die volheid van die lewe.

Hieruit is dit duidelik dat die erediens in wese missionaal van aard is. God roep sy gemeente bymekaar, rus hulle toe, en *stuur hulle weer uit* om lig vir die wêreld en sout van die aarde te wees (Matteus 5:13–16). In die proses word die erediensganger se geloof gevorm. Deur week na week geroep te word om saam met geloofsgenote in die teenwoordigheid van God te verkeer en week na week weer *uitgestuur* te word, word gelowige erediensgangers in hulle diepste wese missionaal gerig. Die doel van 'n erediens is dus nie soseer informasie nie, maar formasie en veral transformasie.

Hierdie siening van die aard en wese van die erediens het implikasies vir die rol wat die erediens in gemeentes speel en hoe dit ingerig behoort te word. Hoe geloofsvorming in die erediens kan plaasvind en hoe die erediens dienooreenkomstig in die praktyk ingerig kan en/of behoort te word, is die vraag waarop hierdie verslag fokus.

4.2 DIE KONSEP VAN GELOOFSVORMING

4.2.1 Die aard van geloofsvorming

Geloofsvorming is 'n proses wat deur die Heilige Gees in diepste wese van die gelowige bewerkstellig word. Dordt beskryf die werking van die Gees só: *Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra* (Hoofstuk 3 en 4, paragraaf 11).

Dit is duidelik dat hierdie vormingswerk glad nie van die gelowige se kant bewerk kan word nie. Dit is suiwer en alleen die werk van die Gees uit genade alleen. Gelowiges stel hulleself oop vir die werking van die Gees in hulle binneste deur geloofsoefening (1 Tim 4:8). Selfs dan, soos Boulton uitwys, is die primêre agent nie die gelowige nie, maar die manier waarop die gelowige deelneem aan die werk van die Drie-enige God: *Each of the church's key practices is still something human beings do, but they do it neither alone nor as the act's primary agent. Rather, in and through the practice, they participate in divine work.* (Matthew Myer Boulton, *Life in God: John Calvin, Practical Formation, and the Future of Protestant Theology*, Grand Rapids: Eerdmans, 2011, p. 24.)

Geloofsgewoontes en -praktyke wat deel vorm die gelowige se daaglikse handel en wandel skep ruimte vir die Gees om die gelowige se hart, siel, gedagtes en wese te vorm en te omvorm. Dit vind uiting in die manier waarop gelowiges lewe, die besluite wat hulle neem, hulle daaglikse handel en wandel.

Hoewel daar 'n groot verskeidenheid van geloofsgewoontes en -praktyke is, is Calvyn oortuig dat gebed "die vernaamste oefening van die geloof" (*Institusie* 3.20) is. Die kern, bron en beginpunt van gebed is stilte. Sonder stilte kan daar nie gebed wees nie. Moeder Teresa van Kalkutta het in 'n sekere sin die hele proses van geloofsvorming saamgevat toe sy die volgende gesê het:

Die vrug van stilte is gebed,
die vrug van gebed is geloof,
die vrug van geloof is liefde,
die vrug van liefde is diens,

die vrug van diens is vrede.

(Aangehaal in die *Handleiding vir die erediens* p. 22)

Presies hoe geloofsvorming in die praktyk plaasvind hang grootliks af van onder andere die volgende faktore:

- Persoonlikheid (sommige geloofsgewoontes en -praktyke kom meer natuurlik vir mense met sekere pesoonlikheidskenmerke as ander: mense verskil van mekaar).
- Verhoudings (persoonlihede en figure wat mense deur die loop van hulle lewe ontmoet, is rigtinggewend en lewensveranderend).
- Lewensomstandighede (die sosio-maatskaplike toestande waarin mense grootword en lewe bepaal in 'n groot mate hulle lewensuitkyk).
- Tydsgewrig (mense wat in die een-en-twintigste eeu lewe, het ander uitdagings en vrae as mense wat in eerste eeu of die sestiende eeu geleef het).
- Lewenservaring (gebeurtenisse en belewenisse in die loop van mens se lewe het 'n groot vormende invloed op die manier waarop hulle hulle geloof beleef.

Ruimtes waarbinne geloofsvorming plaasvind is die binnekamer (plek van stilte en afsondering – *eremos*), die gesin, 'n kleingroep, die gemeente en die gemeenskap.

Hierdie verslag fokus spesifiek op die ruimte van die gemeente en meer bepaald die gereelde weeklikse erediens.

4.2.2 Die doel van geloofsvorming

Eenvoudig gestel: Die doel van geloofsvorming is die maak van dissipels. In sy *Institusie* sê Calvyn: *Deur die verligting van die Gees maak God vir Hom dissipels van mense wat vantevore die hemelse leer nie gehad het nie.*(3.1.2) John Roberto praat, met verwysing na geloofsvorming van *our continuing mission of making disciples and promoting lifelong growth in faith.* (Roberto, John. 2015. *Reimagining Faith Formation for the 21st Century: Engaging All Ages and Generations* (Kindle Locations 38–39). LifelongFaith Associates. Kindle Edition.)

Wat is 'n dissipel? In die Raamwerkdokument word dissipels as volg beskryf: *Disspels is mense wat Christus volg, wat van Hom leer hoe om nuwe mense te wees en wat, soos Christus, die wêreld nuut maak deur nuwe verhoudings te skep.* (Prof CJP (Nelus Niemandt) en prof PGJ (Piet) Meiring. *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk*. 2013)

Anders gestel: Dissipels is getroue volgelinge van Jesus Christus. Die sentrale boodskap van Jesus is die Koninkryk van God wat naby gekom het (Markus 1:15). 'n Getroue volgeling van Jesus Christus sal dus iemand wees wat hart en siel verbonde is aan die waardes, beginsels en doeleindes (etos) van God se koninkryk. 'n Dissipel is iemand wat die koninkryk van God – God se ryk van liefde en geregtigheid – bevorder en dien.

Die natuurlike inklinasie van mense is egter om hulle eie koninkryke daar te stel en te dien. Wanneer hulle egter afsien hiervan en deel word van God se koninkryk, wanneer God hulle "uit die mag van die duisternis" wegruk en hulle "onder die heerskappy" van sy Seun stel (Kolossense 1:13), moet hulle anders begin dink en doen. Om anders te kan dink en doen is geloofsvorming nodig.

Geloofsgewoontes en geloofspraktyke, dit wil sê herhaalde geloofsoefening, vorm gelowiges diep in hulle binneste op so 'n manier dat hulle met hulle hele wese, met hart en siel, met woorde, dade en gedagtes die belange van die koninkryk van God dien.

4.3 DIE EREDIENS EN GELOOFSVORMING

Soos reeds vermeld, was gebed vir Calvyn die vernaamste geloofsoefening. Gebed vind individueel plaas in die binnekamer ('n plek van afsondering of *eremos*) maar ook korporatief in die erediens. Vir geloofsvorming is beide onontbeerlik. Die klem val vir die doeleindes van hierdie verslag op die erediens.

4.3.1 Die missionale aard van die erediens

4.3.1.1 <u>Missionalistiese eredienste</u>

Daar is tans baie verwarring oor die erediens en die doel, rol en plek daarvan gesien in die lig van die missionale transformasie van gemeentes en die groterwordende insig dat gemeentes en kerke missionaal moet wees.

Aan die een kant word eredienste op subtiele en minder subtiele wyse in diens gestel van die missionale. Vir sommige word die eredienste van die gemeente een van die vernaamste instrumente waardeur die ontkerklikes en onkerklikes kerklik betrek moet word. Daarom moet eredienste vir hulle "seeker-sensitive" wees. Bekende mega-kerke in Amerika soos Willow Creek Community Church en Saddleback Church is rondom hierdie konsep gebou. Beide kerke het hier te lande groot invloed uitgoefen en word deur talle gemeentes gevolg. Slagspreuke soos *A church is not a crowd. But to grow a larger church you must first attract a crowd* (Warren, Rick. 1995. *The Purpose Driven Church*, p. 253) het groot impak.

Die vraag is: Hoe maak 'n gemeente die erediens aantreklik? Rick Warren van Saddleback Church antwoord dit as volg: *Create a service that is intentionally designed for your members to bring their friends to. And make the service so attractive, appealing, and relevant to the unchurched that your members are eager to share it with the lost people they care about* (Warren, Rick. 1995. *The Purpose Driven Church*, p. 253).

Hierdie benadering word ook gereflekteer in die *Handleiding vir die Erediens* waarin enkele riglyne gegee word vir "Missionêre Eredienste" waarin goedkeurend verwys word na die praktyk van Willow Creek Community Church se "soekerdienste" en ook na die herlewingsdienste van onder andere George Whitefield gedurende die agtiende eeu.

Hoe moet ons oordeel oor hierdie benadering? Dit word tereg gekritiseer deur Nelus Niemandt (Niemandt, CJP. Missionale kerk en missionale eredienste. 'n Refleksie op Leonard Sweet se 'Giving Blood. A fresh paradigm for preaching'. *Vir die Musiekleier* Jaargang 34, No 44, Desember 2014, ISSN 1999-3412.), Cas Wepener (Wepener, CJ. 2008. Toward missional liturgy. *NGTT* 49(1&2): 206–220) asook deur Ian Nell en Neil Meyer (Nell, IA & Meyer, N. 2013. Invited by God onto the worship stage: Developing missional communities through participation in Theo-drama, *Verbum et Ecclesia* 34(1), Art. #840. http://dx.doi. org/10.4102/ve.v34i1.840).

Wepener (hierin gevolg deur Niemandt) bestempel dit as "missionalisties", bedoelende dat die erediens hiervolgens bloot die aantrekking van getalle in die oog het en so die ware aard en wese van die erediens verloën. Hoewel die bedoeling, naamlik om mense weer kerklik betrokke te maak of lewenstransformasie deur die evangelieboodskap, word die erediens 'n blote evangelisasie-instrument en word selfs die element van aanbidding in diens daarvan gestel.

Wepener sê hieroor: *Closely scrutinized the suggestion in the new service book is thus rather a missionalistic liturgy than a missional liturgy as the worth of the missional liturgy will here be determined by the amount of so-called seekers that are attracted by it. This is not a bad incentive, but surely not the central aim of any liturgy or missional vision* (Wepener, CJ. 2008. Toward missional liturgy. *NGTT* 49(1&2): 206–220).

4.3.1.2 Missionale aard misken

Aan die ander kant gebeur dit ook dikwels dat die missionale aard van die erediens heeltemal uit die oog verloor word. Eredienste word óf gerig op die eer en verheerliking van God op so 'n eng wyse dat die lewe van die gelowige en die konteks van die gemeente van sekondêre belang word, óf so eksklusief gefokus op die persoonlike verryking van gelowiges en die vervulling van hulle geestelike behoeftes dat die nood van die gemeenskap en wêreld uit die oog verloor word. Dit gebeur wanneer óf God óf die gemeente tot die rol van toeskouer gereduseer word (vgl Nell, IA & Meyer, N. 2013. Invited by God onto the worship stage: Developing missional communities through participation in Theo-drama, *Verbum et Ecclesia* 34(1), Art. #840. http://dx.doi. org/10.4102/ve.v34i1.840).

Evangelicals generally have defined worship in one of two ways, neither of which grasps the biblical imperative of worship. The first sees worship as ascribing worth to God. In this half-truth definition the burden of worship is placed upon the worshiping community. The community of worship, it seems, must originate words and feelings of praise through music and prayer that God will find pleasing. The second is a presentational approach to worship. Here worship consists of a series of packaged presentations

to the "audience," so that they may hear the message (Webber, Robert E. 2009. *Worship Old and New* (Kindle Locations 5034-5038). Zondervan. Kindle Edition).

God as toeskouer: God word bloot die passiewe ontvanger van die gemeente se lof en aanbidding. Elke week kom die gemeente bymekaar om God te aanbid en dit is die begin en die einde van die erediens. Die enigste doel van die gemeente word dan die eer en die dien van die Here en die doel wat God dalk met die gemeente mag hê word ter syde gestel. Hoewel God in die middelpunt is, word Hy in die proses nie veel meer as 'n blote toeskouer van die gemeente se handelinge nie.

Natuurlik is dit goed en reg dat God geëer en aanbid word, maar dit is hoogstens nog net die helfte van die waarheid. *In this half-truth definition the burden of worship is placed upon the worshiping community. The community of worship, it seems, must originate words and feelings of praise through music and prayer that God will find pleasing* (Webber, Robert E. (2009-12-15). *Worship Old and New* (Kindle Locations 5036-5037). Zondervan. Kindle Edition).

"Praise en worship" word 'n "goeie werk" van verdienste wanneer dit die mense is wat die inisiatief hierin neem en nie 'n reaksie op God se redding en liefde nie. Ons vergeet soms dat God nie 'n slegte selfbeeld het en wat telkens die lofprysing van mense nodig het om dit te oorkom nie. Die primêre doel van die erediens kan dus nie wees om die Here te eer en te dien nie. Ons kom as sy gemeente nie op ons eie inisiatief bymekaar asof ons daardeur die guns van die Here vir ons kan inpalm nie. Ons kom bymekaar omdat die Here ons bymekaarroep en omdat HY 'n doel met ons het – nie andersom nie.

Gemeente as toeskouer: Die gemeente word toeskouer in die erediens wanneer die liturg en die "worship team" beskou word as die span wat die "produksie" op die planke bring en die gemeente word week na week uitgenooi om die skouspel te kom aanskou. Die gemeente neem minimaal deel behalwe dat hulle emosies in beweging gebring word deur die musiek en ander elemente van die "produksie". Hierdeur word die gemeente in die rol van verbruikers geplaas en is dit hulle taak om die kwaliteit van die "produksie" te beoordeel.

When this happens, members are encouraged to treat the church as consumers treat other forms of entertainment. They sit on the outside looking in and judging the worship, whilst implicitly or explicitly also judging the mission of the church and everything else that the church does (vgl Nell, IA & Meyer, N. 2013. Invited by God onto the worship stage: Developing missional communities through participation in Theo-drama, *Verbum et Ecclesia* 34(1), Art. #840. http://dx.doi. org/10.4102/ve.v34i1.840).

Wanneer die "produksie" nie op standaard is nie, is die res van die gemeente nie op standaard nie (so word gedink) en die erediensgangers as verbruikers weerhou hulle bydraes of stem met hulle voete en woon volgende Sondag 'n ander "produksie" by.

Webber noem dit 'n "presentational approach to worship". *Here worship consists of a series of packaged presentations to the "audience," so that they may hear the message.* (Webber, Robert E. 2009. *Worship Old and New* (Kindle Locations 5037-5038). Zondervan. Kindle Edition). Die oormaat van "40 dae"-veldtogte wat tans gewild is, kan soms in hierdie lokval gevang word.

Waar óf God óf die gemeente gereduseer word tot toeskouers, word die inherente missionale aard van die erediens misken.

4.3.1.3 Die inherente missionale aard van die erediens

Die inherente missionale aard van die erediens spruit voort uit die feit dat die gemeente 'n missionale God aanbid. Die God wat aanbid word is 'n God wat mense roep, bymekaarmaak en stuur. Die erediens is beide middelpuntsoekend (God wat roep) en middelpuntvlietend (God wat stuur). God roep ons bymekaar sodat ons uitgestuur kan word. Die werk van die gelowige in die wêreld buite die erediens, die werk in diens van die Koning ter wille van sy koninkryk, is die *telos* van die erediens.

Dit is dus nie nodig om naarstigtelik en krampagtig die erediens in 'n missionale keurslyf in te druk nie. Na sy wese en aard *is* die erediens missionaal. Daar hoef dus nie verwys te word na "missionale eredienste" asof daar 'n ander soort erediens is nie. 'n Erediens wat nie missionaal is nie, is nie in ooreenstemming met die wese en aard van 'n erediens nie.

Daarom moet die inherente missionale aard van die erediens weer in fokus gebring word en deeglik verstaan word.

Die skrywers van die Raamwerkdokument is reg wanneer hulle sê: *'n Missionale gemeente kry haar identiteit in God wat 'n missionale God is en gevolglik kan die identiteit van die liturgie van so 'n gemeente ook nie anders wees nie* (prof CJP (Nelus Niemandt en prof PGJ (Piet) Meiring. *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk*. 2013, p 13).

James K.A Smith stel dit so: *Christian worship and formation ... culminate in Christian action – being sent as ambassadors of another "city," as witnesses to kingdom come, to live and act communally as a people who embody a foretaste of God's shalom* (Smith, James KA. 2013. *Imagining the Kingdom (Cultural Liturgies): How Worship Works.* Kindle Locations 3246-3248. Baker Publishing Group. Kindle Edition). Andy Root se boek, *Christopraxis*, spreek ook hierdie saak aan.

In die erediens nader God tot mense en mense nader tot God. Die erediens is die arena waarin gelowiges God ontmoet en deur God gevorm word deur die elemente van die erediens waarin die Gees teenwoordig is (Smith, loc 3240). Die God tot wie genader word, is 'n missionale God. In die Raamwerkdokument word dit so uitgedruk: *Ons leer God in die Bybel ken as 'n sturende God. Daarom word daar van die missio Dei gepraat. ... Dit is nie net 'n geval dat God sending doen nie, God is in wese 'n sturende God. Net soos wat ons sê "God is liefde", kan ons sê "God is 'n sturende God"* (prof CJP (Nelus) Niemandt en prof PGJ (Piet) Meiring. *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk*. 2013, p 4).

Die erediens is 'n ontmoeting tussen die God wat stuur en die gemeente wat gestuur word. Die inhoud van hierdie ontmoeting kan dus nie anders as om hierdie realiteit te reflekteer nie. God neem telkens die inisiatief om sy gemeente bymekaar te roep. Die gemeente kom bymekaar in die eerste plek as 'n daad van gehoorsaamheid aan die roepende God en nie omdat hulle noodwendig hulle eie behoeftes wil bevredig of om "'n boodskap" of 'n geestelike "top up" te kry nie. Tydens die erediens word gelowiges toegerus en opgebou, vertroos en bemoedig, bemagtig en versterk. Aan die einde van die erediens word hulle uitgestuur met 'n opdrag: Leef koninkryksgerig!

In final analysis, the shift towards a missional theology and praxis must be manifested in and nourished by a missional liturgy focussing on the worship and adoration of the God who recruits the missional congregation time and again, over and over, to serve the missio Dei (Wepener, CJ. 2008. Toward missional liturgy. *NGTT* 49(1&2): 206–220).

Cas Wepener maak ook Van Ruler se gedagte van teonome resiprositeit diensbaar vir die liturgie. Hier is sy werksdefinisie van liturgie soos hy dit in sy proefskrif formuleer:

Liturgie is die ontmoeting tussen God en mens deurdat God en mens uitbeweeg na mekaar, 'n beweging waarin God se handeling primaat het bo dié van die mens, sodat daar so op 'n teonoom resiproke wyse 'n dialogiese kommunikasie in en deur rituele en simbole tot stand kom waarby die mens op 'n liggaamlike wyse betrokke is en die mens so sy/haar hoogste doel op aarde kan verwesenlik, naamlik om God te prys en Hom vir ewig te geniet.

4.3.1.4 Erediensbywoning opsioneel?

In die lig van bogestelde moet die vraag gevra word: Is die erediens 'n opsionele handeling? As God ons bymekaar roep, kan ons weier?

4.3.2 Die erediens se rol in die missionale geloofsvorming van die gelowige erediensganger

Die geloofsvormende effek wat die erediens op die gelowige kan hê, kan goedskiks geïllustreer word deur die verhaal van Jesaja se roepingsvisioen in Jesaja 6:1-8:

In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. [2]By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg.
[3]Die serafs het mekaar telkens toegeroep:
"Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid."
[4]Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het.

[5]Toe het ek uitgeroep: “Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder ’n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige.”
[6]Een van die serafs het toe ’n gloeiende kool met ’n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg.
[7]Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: “Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen.”
[8]Toe het ek die Here hoor vra:
“Wie kan Ek stuur?
Wie sal ons boodskapper wees?”
Ek het geantwoord:
“Hier is ek! Stuur my!”

Dit wat met Jesaja hier gebeur kan (behoort?) ook die ervaring elke erediensganger elke Sondag te wees. Ons sien hier hoe ’n ontmoeting met die heilige God die aanbidder op sy knieë dwing. Skuldbelydenis word gevolg deur vergifnis en versoening. Geloofsvorming vind plaas. Die gelowige word bemoedig en vertroos. Wanneer die Here vra wie sy boodskapper kan wees, antwoord die gelowige spontaan en vrywillig: “Hier is ek! Stuur my!” Hierdie ontmoeting eindig, soos elke erediens, met ’n uitsending.

In die erediens word die beeld van God in die gelowiges herstel sodat hulle as God se beelddraers, sy verteenwoordigers, hulle oorspronklike skeppings- en kultuuropdrag kan uitvoer: om die skepping te bewerk en te bewaar (Gen 2:15). Hulle *menswaardigheid* word herstel in die erediens en hulle word uitgestuur om andere se menswaardigheid te herstel deur respek te betoon, om na ander te luister, hulle te omarm en selfloos lief te hê (vgl die vier waardes van die Seisoen van Menswaardigheid). As beeldraers neem ons deel aan God se voortgaande skeppings-, regerings- en herstelwerk (vgl Fowler).

Die gelowige wat gehoorsaam aan die Here se roeping by die deur van die kerkgebou (of ander erediensruimte) opdaag, behoort nie dieselfde mens te wees wat daar uitgaan nie. Die gelowiges wat die erediens telkens week na week) verlaat moet stelsematig diep in hulle wese, getransformeer word. Hulle gedagtes, hulle emosies, hulle gedrag moet al hoe meer die waardes van die koninkryk weerspieël.

Vir hierdie diep verandering – of transformasie – om te gebeur, is ’n proses van *geloofsvorming* nodig. Dit geskied op talle verskillende wyses, maar dit wat in die erediens gebeur, is een van die heel belangrikstes. Die erediens behoort beskou te word as die sentrale geloofspraktyk van die gemeente as liggaam van Christus.

Wat gebeur in die erediens wat geloofsvorming bevorder? James Bryan Smith in sy boek *Knowing the Good and Beautiful God* sê dat geloofsvorming plaasvind wanneer vier komponente bymekaarkom: narratiewe herstrukturering (waar ons leer om valse verhale oor God, ander en die wêreld te verruil vir ware verhale), geloofsgewoontes en -praktyke (of: geestelike dissiplines of wat Smith noem “*exercises*”), die gemeenskap van gelowiges en werking van die Heilig Gees (hy plaas die eerste drie komponente op die punt van ’n driehoek met die werking van die Gees in die middel).

Hierdie vier komponente kom uitnemend bymekaar in die erediens. Die verhaal van God se groot reddingsdade in die geskiedenis word vertel deur die Skrif saam te lees, daar word gesing, gebid, bely – en dit alles as gemeenskap van gelowiges onder aansporing van en deur bemiddeling van die Gees. Wanneer God se storie vertel word, vind daar ’n “re-*story*-ing” in ons binneste plaas. Ons verhaal word opgevang in God se verhaal. Ons word deel van God se verhaal en God word deel van ons verhaal – en ons verhaal verander radikaal. Genesing en herstel vind plaas en ons ingesteldhede word geherkalibreer sodat dit resoneer met die hart en gesindheid van Jesus (Fil 2:5–11).

Die onontbeerlike rol wat die kerklike jaar in die “re-*story*-ing” van erediensgangers speel, kan nouliks oorskat word. Elke jaar word God se verhaal van liefde en redding vertel en oorvertel deur Skriflesing, simboliek, liturgie, musiek soos wat die verskillende seisoene die op die ander volg. Soos die teoloog Dorothy Bass sê, gaan hierdie praktyk teen die grein van wanhoop in.

In a single turning, the Christian year carries the content of Christian faith into present time, inviting us to experience the here-and-now in relation to a story that began before creation and continues into a future that is already dawning. (Dorothy Bass. 2000. *Receiving the Day.* San Francisco: Jossey-Bass).

'n Manier om dit wat in die erediens gebeur te konseptualiseer, is om die gedagte van die erediens as Theo-drama ('n konsep wat oorspronklik deur Hans Urs von Balthassar ontwikkel is) te ondersoek – soos Nell en Meyer gedoen het. Volgens hulle bevindinge is Theo-drama 'n geldige metafoor om interaksie tussen die Drie-enige God en die aanbiddingsgemeenskap te beskryf. Die transformatiewe effek van die erediens is geleë in die aktiewe deelname van die gemeente in die erediens en die feit dat God aktief handel. Nie een word gereduseer tot blote toeskouer nie. In die taal van die missio Dei is God die primêre beweger ("*primary Actor*") en ons as sy kerk word genooi om sáám met Hom te werk.

When the church participates alongside God in the Theo-drama of worship, then the classical shape of the liturgy assists in missional formation by providing a 'script' or 'plot' according to which our stories can be brought into contact with God's Story. In this way our stories are taken up into God's Story, we find our own stories mirrored there and we are able to be transformed through a process of experiential or praxis learning. Moreover, the fact that this liturgical experience is repeated as a weekly habit means that it is a powerful transformational discipline (Nell, IA & Meyer, N. 2013. 'Invited by God onto the worship stage: Developing missional communities through participation in Theo-drama'. *Verbum et Ecclesia* 34(1), Art. #840. http://dx.doi. org/10.4102/ve.v34i1.840).

Die klassieke vorm van die erediens (kyk *Handleiding vir die Erediens* p 5–7) behoort weer ernstig aan die orde te kom. Die elemente van die erediens vertel 'n verhaal – die verhaal van 'n God wat sy mense versamel en bymekaarroep, wat in die Diens van die Woord Homself aan hulle openbaar en met hulle kommunikeer, van mense wat reageer op die tekens van sy liefde en genade tydens die Diens van die Tafel en van 'n God wat sy mense uitstuur die wêreld in om tot sy eer te lewe.

This kind of worship is a participatory drama in which each person plays a par. (Webber, Robert E. 2009. *Worship Old and New*. Zondervan. Kindle Edition. Loc. 5063).

4.4 VERDERE ONDERSOEK EN NAVORSING
Dié verslag en veral die slotparagraaf van punt 4.3.2 hierbo suggereer 'n hele aantal onderwerpe en areas wat verdere navorsing en ondersoek verg:

4.4.1 Presies hoe die klassieke patroon van die erediens gelowiges missionaal vorm verdien om verder ondersoek te word. James KA Smith voorsien 'n moontlike wegspringpunt hiervoor in hoofstuk 5 van sy boek *Desiring the Kingdom.* Hy behandel elkeen van die elemente van klassieke orde van die erediens vanuit die perspektief van geloofsvorming. Dit kan verder uitgebou word en in die Suid-Afrikaanse situasie gekontekstualiseer word. Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing is nodig.
4.4.2 Die konsep Theo-drama en die teologiese onderbou van die inherente missionale aard van die erediens moet verder ondersoek word.
4.4.3 Die geloofsvormende en transformatiewe krag van die verhaal en hoe die erediens ingerig kan word om dit benut, moet ondersoek word.
4.4.4 Sonder om die waarde van die kleingroep te misken, moet die sentrale rol wat die erediens speel in die vorming van geloof beklemtoon word. Die aard en rol van die erediens as geloofsgewoonte moet bevorder word. Tans is erediensbywoning besig om ernstig af te neem die in meeste gemeentes. Dit kan nie goed wees vir die geloofsvorming van gemeentes nie.
4.4.5 Lidmate moet toegerus word met die oog op sinvolle voorbereiding vir en deelname aan die erediens. Hulle moet verstaan dat hulle nie "verbruikers" is wat 'n "vertoning" bywoon nie, maar aktiewe deelnemers aan 'n gebeure waarin God Drie-enig die hoofrol speel en hulle bymekaarroep en uitstuur.
4.4.6 Aandag behoort ook gegee te word aan kontekstualisering of liturgiese inkulturasie gegewe die konteks van Sub-Sahara Afrika waarbinne ons werk.
4.4.7 Die rol van ekumeniese nadenke oor liturgie vir die tema van missionale liturgie moet deeglik verreken word.

Besluite:

EREDIENS EN LITURGIE (A 7.1 bl 121 pt 5, T.7.5.1 bl 1 pt 1.2, Notule Dag 3 pt 9)
5.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en verwys dit na die Projekspan vir Missionale Transformasie vir verdere optrede.
5.2 Die Algemene Sinode besluit dat Erediens en Liturgie voortaan as 'n subspan van die Projekspan vir Missionale Transformasie funksioneer.